higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1360**(A)**(J4)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010024)

4 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik ŉ SWART of BLOU pen.
5. Laat minstens DRIE reëls oop na elke vraag.
6. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die doel van privaat administrasie is om die regering se doelwitte te bereik en in mense se behoeftes te voorsien.

1.2 In die kameraadskap-gesinstelsel is die man die enigste broodwinner en besluitnemer.

1.3 Die oppergesag van die reg verseker dat die mense of burgers die hoogste gesag in Suid-Afrika het.

1.4 Die kiesstelsel in Suid-Afrika bepaal dat ’n demokratiese verkiesing op al drie vlakke van die regering gehou moet word.

1.5 Die tussentydse grondwet het ná die 1994-verkiesing die Suid-Afrikaanse grondwet geword.

1.6 Die Nasionale Vergadering verkies gewoonlik 'n speaker uit een van die minderheidspartye.

1.7 Die president het die mag om oortreders te begenadig of kwyt te skeld.

1.8 Die Oscar Pistorius-saak is ’n goeie voorbeeld van die oppergesag van die reg in Suid-Afrika.

1.9 Ministers word beskou as die politieke hoofde van al die staatsdepartemente.

1.10 Personeel is een van die administratiewe funksies wat verband hou met werwing en personeelbehoeftes.

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Die grondwet is 'n baie belangrike wet vir die mense van Suid-Afrika, want dit verseker dat die regering altyd alle burgers se regte moet beskerm. Dit bepaal die drie regeringsvlakke, al die groot staatsinstellings en hul onderskeie magte en funksies.

2.1 Burgers se regte word in die Handves van Regte bepaal.

Noem AGT regte in die grondwet. (8)

2.2 Noem en verduidelik die DRIE sfere van die Suid-Afrikaanse regering ingevolge die grondwet. (3 × 3) (9)

2.3 Verduidelik die volgende terme:

2.3.1 Regering

2.3.2 Grondwet

2.3.3 Burger

(3 × 1) (3)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Johan is 'n ingenieur wat die afgelope vier jaar in Duitsland werk. Alhoewel hy sy werk geniet, hoop hy om terug te keer na Suid-Afrika sodra sy kontrak verstryk. Hy het sy ouers twee keer besoek sedert hy in Duitsland woon. Hy beplan om met 'n Duitse meisie genaamd Cindy te trou.

3.1 3.1.1 Kan Cyndi aansoek doen vir burgerskap as sy met Johan trou? Gee redes vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.1.2 Noem VIER maniere waarop 'n mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verkry. (4 × 2) (8)

3.1.3 Mag Johan in die volgende algemene verkiesing in Suid-Afrika stem? Gee redes vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.1.4 Verduidelik hoe 'n mens gediskwalifiseer kan word om in Suid-Afrika te stem. (4)

3.2 Die adjunkpresident speel 'n baie belangrike rol in die regering.

3.2.1 Verduidelik die aanstelling van die adjunkpresident in Suid-Afrika. (3 × 2) (6)

3.2.2 Verduidelik die rol van die adjunkpresident in die Suid-Afrikaanse regering. (3 × 2) (6)

3.3 Elke provinsiale wetgewer het die gesag om wette vir sy provinsie te maak.

Bespreek die verskillende aangeleenthede waaroor provinsiale wetgewers gesag het om wette goed te keur. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

'n Gesonde regering, 'n gesonde onderwysstelsel en 'n gesonde samelewing begin by die huis. Gesinne speel 'n baie belangrike rol in die lewens van alle burgers. Mense en gesinne het 'n groot invloed op die regering en openbare administrasie.

4.1 4.1.1 Waarom is dit belangrik om gesinne en die rol wat gesinne in publieke administrasie speel in ag te neem? (4 × 2) (8)

4.1.2 Onderskei tussen *publieke* en *private* administrasie. (4 + 4) (8)

4.1.3 Die grondwet speel 'n belangrike rol in die regulering van verhoudings tussen burgers en die regering.

Verduidelik hoe die grondwet verseker dat hierdie verhouding in stand gehou word deur te verwys na die eienskappe van die grondwet. (5 × 2) (10)

4.1.4 Noem die SES generiese administratiewe prosesse wat deel is van alle staatsinstellings en publieke administrasie. (6)

4.2 Geregshowe is onafhanklik van die regering en slegs onderhewig aan die grondwet en die wet van Suid-Afrika.

4.2.1 Verduidelik hoekom die hoogste hof van appèl so 'n belangrike rol speel as 'n geregshof in Suid-Afrika. (2 × 2) (4)

4.2.2 Noem TWEE ander geregshowe wat deel is van die regstelsel in Suid-Afrika. (2 × 2) (4)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Bestudeer die volgende tabel wat die sentrale vlak van regering illustreer en beantwoord die vrae:

Wetgewende gesag	Parlement **5.1.1 & 5.1.2**
Uitvoerende gesag	Kabinet
Administratiewe uitvoerende instellings	Staatsdepartmente

5.1 Voltooi die tabel deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (2 × 2) (4)

5.2 Verduidelik die samestelling van die kabinet. (3 × 2) (6)

5.3 Verduidelik die belangrikheid van staatsdepartemente in die nasionale regering. (4 × 2) (8)

5.4 Verduidelik die belangrikheid van die parlement deur die werking daarvan op sentrale regeringsvlak te bespreek. (6 × 2) (12)

5.5 Verduidelik die term *uitvoerende gesag*. (2 × 2) (4)

5.6 Noem DRIE take wat gewoonlik deur lede van die parlement uitgevoer word. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 6

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Suid-Afrika is in plaaslike munisipaliteite verdeel. Elke munisipaliteit het ’n munisipale raad wat munisipale besluite neem. Die munisipale amptenare en personeel implementeer die munisipaliteit se doelwitte.

6.1 Verduidelik die hoofdoelwitte en doelstellings van plaaslike munisipaliteite in Suid-Afrika kortliks. (5 × 2) (10)

6.2 Verduidelik die belangrikheid van die oprigting van munisipale rade binne die plaaslike owerhede. (5 × 2) (10)

6.3 Bespreek die rol van ’n burgemeester binne ’n munisipaliteit. (4 × 2) (8)

6.4 Noem SES soorte dienste wat deur munisipaliteite verskaf word. (6)

6.5 Noem DRIE munisipale ampsdraers en verduidelik elkeen se rol in die munisipale raad. (3 × 2) (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou